AKTIWITEITSGIDS VIR LESERS:
Harlekyn

Harlekyn
Deur Jaco Jacobs
Geïllustreer deur Diek Grobler

Aktiwiteitsgids vir lesers
Harlekyn-Jaco Jacobs
©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

HOE OM DIE AKTIWITEITSGIDS TE GEBRUIK

Hierdie gids bied jou hoofstuk-vir-hoofstuk aktiwiteite om die lees van elke storie te verryk. Die aktiwiteite is geskik vir lesers in die Intermediêre fase, maar kan ook maklik vir jonger/ouer lesers aangepas word. Die aktiwiteite kan voltooi word na die lees van elke hoofstuk.

Die aktiwiteitsbladsy (by elke hoofstuk) sluit die volgende in:
(a) ‘n pretaktiwiteit (die fokus van hierdie aktiwiteit is hoofsaaklik woordeskatuitbreiding en sinskonstruksie).
(b) ’n begripsoefening.
(c) ‘n daaglikse redigering- of taaloefening (Vergelyk jou werk met die gepubliseerde storie om te sien of jy al die foute uitgeskakel het).
By sommige aktiwiteite is daar ook ‘n prettige koerantaktiwiteit.

Opvoeders kan hierdie aktiwiteitsbladsye vir die leerders afrol sodat leerders die aktiwiteite daarop kan voltooi.

Jou klas kan R500 wen! Maak seker jou klas neem deel aan die skole-/klaskompetisie:
Vir die skole-/klaskompetisie:
*Die leerders moet ten minste een aktiwiteit (van minimum vyf hoofstukke) voltooi.
*Daar is minstens drie aktiwiteite per hoofstuk en dertien hoofstukke – m.a.w. om vir die kompetisie te kwalifiseer moet een aktiwiteit van (enige) vyf hoofstukke voltooi en ingestuur word.
*Die klas se voltooide opdragte moet saam ingestuur word. Dit hoef nie hoofstuk-vir-hoofstuk gepos te word nie. Inskrywings moet ons egter voor die sluitingsdatum bereik.

Aktiwiteitsbladsye moet aan ons gepos word by:
Harlekyn/KleinB-kompetisie
Die Burger
Posbus 692
Kaapstad
8000
Inskrywings sluit: *Maandag 16 November 2009* (Inskrywings kan ook elektronies gestuur word na kleinb@dieburger.com)

Daar word **vyf** wenklasse gekies wat elk gaan wegstap met **R500** om ‘n bielie van ‘n klaspartytjie te hou! En julle klas staan die kans om in KleinB te verskyn!

*Daar is ook ‘n hulpbronpakket vir opvoeders/ouers beskikbaar.

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 1
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Voltooi die volgende blokraaisel



Gebruik die leidrade:

Af:

1. Die intensiewe vorm van rooi. (Dis die kleur van die hansworspop se lippe.)
2. Die van van ‘n karakter in ‘n gruwelfliek waarvan Werner hou.
6. Werner se pa is ‘n _____.
7. Hulle juffrou se van is Juf. _____-booi.
8. Een van Werner se vriende se naam.
11. Werner is mal oor gril-____.
14. Gee een woord vir “elke oggend”.

Dwars:

1. Die laggeluid van die pop klink _____.
3. Werner se suster se naam.
4. Werner _____ vir hansworse.
5. Gee ‘n sinoniem vir “skaam”.
9. Gee ‘n antoniem vir “hou van”.
10. Iemand wat baie bang is vir iets, noem ons ‘n bang-_____.
12. Marie is nie _____ nie, want sy is slim.
13. Werner-hulle se skooltaak gaan hieroor.

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Waaroor het Sunet só lekker gelag?

_____

_____

2. Wat noem Werner vir Sunet? Hoekom, dink jy, noem hy haar dit?

_____

_____

_____

3. Wat gebeur as Sunet die opwensleuteltjie agter in die hanswors se rug draai?

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

4. Waarom werk Marike saam met Werner en Tom aan hulle skooltaak?

_____

5. Waarom sal Werner ‘n foto van sy suster voor op hulle skooltaak wil plak?

_____

_____

C. Verbeter die foute in die volgende paragraaf:
Vul die ontbrekende lees-en skryftekens by die volgende sinne in.

“Kry jou ry. Kan jy nie sien ons is besig met skoolwerk nie” vra hy vies vir Sunet. En jy’s veronderstel om te klop voor jy in my kamer kom.

“Kom Billy” sê Sunet vir die pop. “Ou Werner is ’n bangbroek!” Met ’n laggie verdwyn sy by die deur uit.

Jammer, sê Werner vir Tom en Marike. “As daar ooit ’n kompetisie is om die simpelste suster op aarde te kies, kry Sunet eerste prys Sy dink omdat sy twee jaar ouer as ek is, is sy die coolste ding sedert roomys”

D. Gebruik die koerant:
Gebruik die *NetAds*-gedeelte van vandag se koerant. Kyk of jy hierin advertensies kry van mense wat adverteer dat hulle poppe wil verkoop (of dalk op soek is na poppe).

Plak die advertensie dan in hierdie spasie. Indien jy nie ‘n pop-advertensie kry nie, knip enige advertensie uit waarin mense iets wil verkoop (soos bv. troeteldiere).

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 2
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Doen die volgende:
Jy is ‘n kunstenaar. Teken Billy die hansworspop. Lees weer Hoofstuk 1 om te sien hoe die pop beskryf word.

B. Beantwoord die volgende vrae:
1. Waarom hoop Werner hy het nie hardop geskree nie?

_____

_____

2. Hoekom sal Werner nooit die dag by die sirkus vergeet nie?

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

3. Wat doen Werner toe hy besef hy gaan nie die aand verder kan slaap nie?

_____

_____

4. Dink jy daar bestaan werklik so iets soos: "*Coulrophobia: Fear of clowns"?* Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____

_____

5. Waarvoor skrik Werner daardie aand in die badkamer?

_____

_____

C. Verbeter die foute in die volgende paragraaf:
In die volgende uittreksel is daar **8 spelfoute**. Onderstreep die fout en skryf die regte spelwyse van die woord bo die woord, wat jy onderstreep het, neer.

Sunet hou haar so groot, maar sy speel wragies nog pop. Vandat sy verlede jaar 'n outydse teddybeer by hulle ouma persent gekry het, versamel Sunet ou teddies en porselein poppe wat sy by vlooi markte en tweedehandse winkels koop.

Dis nou wel 'n simpel stokperdtjie, dink Werner, maar nie een van haar ander poppe is so lelik soos Billy die Hanswors nie. Sunet is regtug super-weird. Water normale veertienjarige hang by outydse winkels uit en koop ou poppe?

D. Gebruik die koerant:
Soek berigte of prente/foto's in die koerant wat gaan oor vrese (of mense wat bang is). Plak die berig(te) of prent(e) hieronder.

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 3
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Doen die volgende:
Pas die woord(e) (vanuit hoofstuk 3) van *kolom A* by die beste verduideliking/beskrywing in *kolom B*.

KOLOM A	KOLOM B	No.
1) nagmerrie	a) baie vinnig	
2) ‘n hele paar skroewe los	b) raak moeg	
3) roer julle	c) grynslag	
4) in sy keel opstoot	d) vinnig iets doen	
5) grinnik	e) skrik vir iets	
6) ooglede swaar word	f) dowwe klank	
7) gort is gaar	g) slegte droom	1
8) soos blits…	h) is nie normaal nie	
9) gedempte geluid	i) dit is verby/staan nie ‘n kans nie	
10) yskoud word	j) naar word	

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat beteken: “Sunet *rol haar oë*”?

_____

_____

2. Wat gebeur toe Werner verby Sunet se kamer loop?

_____

_____

3. Hoekom voel die skooldag vir Werner lank?

_____

_____

4. Werner word wakker van ‘n klopgeluid. Waar kom die klopgeluid toe vandaan?

_____

_____

5. Waarom “vries” Werner toe hy die binnekant van die deksel sien?

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

C. Skryf die volgende sinne oor in die korrekte Afrikaans:

1. Van daardie dag af gee narre hom die *creeps*. _____

2. Sunet is regtig *super-weird*. _____

3. "Ag, *puh-leeze*! Word tog net groot!"_____

4. "Ek weet nie vir wat jy *anyway make-up* gebruik nie," brom Werner. _____

_____

5. Dalk het Sunet die kissie by een van haar simpel *boyfriends* present gekry. _____

D. Gebruik die koerant:
Werner rangskik die magneetletters op die yskas sodat dit sê: *Sunet suig!*

Skryf nou vir enige van jou familielede 'n boodskap op julle yskas by die huis. Gebruik die koerant om die letters van die boodskap uit te knip. **(LW: Jou boodskap moet positief wees!)**

Plak jou boodskap hieronder.

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 4
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Doen die volgende woordsoek:
Soek die volgende woorde wat in hierdie hoofstuk voorkom. Die woorde kan op en af *OF* skuins en dwars lê. Trek 'n streep deur die woord wanneer jy dit gekry het:

dadelboom	speel	omgekrap	ag	narre
opgewen	Werner	simpel	skoor	Melvin
sproetneus	pop	kamstig	poppe	bang
trek	viool	kyk	lag	keer
pa				

O	**W**	**A**	**P**	**O**	**N**	**A**	**R**	**R**	**E**
S	**P**	**R**	**O**	**E**	**T**	**N**	**E**	**U**	**S**
I	**K**	**G**	**P**	**R**	**E**	**P**	**P**	**O**	**P**
M	**G**	**O**	**E**	**L**	**K**	**N**	**A**	**P**	**E**
P	**A**	**S**	**O**	**W**	**O**	**Y**	**R**	**A**	**E**
E	**L**	**O**	**S**	**R**	**E**	**E**	**K**	**T**	**L**
L	**I**	**P**	**W**	**E**	**R**	**N**	**E**	**R**	**G**
V	**K**	**A**	**M**	**S**	**T**	**I**	**G**	**E**	**N**
H	**G**	**N**	**I**	**V**	**L**	**E**	**M**	**K**	**A**
D	**A**	**D**	**E**	**L**	**B**	**O**	**O**	**M**	**B**

Omkring al die letters wat oorgebly het en skommel dit om 'n nuwe woord te vorm. *Leidraad: Dit is iets wat Sunet gekoop het.*

Skryf die antwoord hier neer: _____

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom, dink jy, wil Tom nie vir Werner glo nie?

_____

_____

2. Wat beteken: "Werner wens *die aarde wil hom insluk*?"

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

3. “Werner probeer agterkom of sy sarkasties is.” Wanneer is iemand *sarkasties*?

_____

_____

4. Hoekom is dié aand ‘n goeie tyd dat al die vriende na Werner toe kan gaan?

_____

_____

5. Wat gaan Marike se verduideliking aan haar ma wees?

_____

_____

C. Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woord(e) in te vul:

Werner **1._____.** “Wel ... gistermiddag het daar ’n **2. _____** uit Sunet se kamer gekom ...” Hy vertel van die houtkissie met die **3. _____** binne-in. “En toe ek dit toemaak, het die pop vanself binne-in begin lag. Maar dalk was dit nog **4. _____**,” voeg hy vinnig by.

Marike se **5. _____** is groot. “Dis *gross*! Ek het so half … weird gevoel toe ek die eerste keer daai pop sien.” Sy **6. _____.** “Wanneer kan ons na jou huis toe kom?”

“W-wat bedoel jy?” vra Werner uit die **7. _____** geslaan.

“Ek en Tom wil dit met ons eie oë sien,” sê sy. “Of hoe, Tom?”

Tom kyk **8. _____** na Werner.

D. Gebruik die koerant:

Jy het nou al die karakters goed leer ken. Soek na foto’s/prente in die koerant wat min of meer lyk na:

a) Werner
b) Tom
c) Marike
d) Sunet

Knip die prente uit en plak dit op die bladsy. Skryf onder elke prent watter karakter hy/sy voorstel.

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 5
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Ontsyfer die volgende:

In elke sin (geneem vanuit hoofstuk 5) is die *skuinsgedrukte* woord deurmekaar geskryf. Skommel die letters om die regte woord te kry. Skryf die ontsyferde woord neer.

1. Dis darem te veel *eglrilerige* DVD's. _____
2. Marike en Tom bied aan om vir hulle *danokrelk* in te gooi. _____
3. Die *tishuikseo* staan op een van die rakke teen die muur. _____
4. Werner *ertkenorens* daarop om nie sy kop weg te draai nie. _____
5. 'n *ekoweptge* deuntjie begin speel. _____
6. Sy kyk op haar *ilersoho.* _____
7. Hy sien die rook wat uit die t*osorboresodr* borrel. _____
8. Marike trap *gitevigrs* oor 'n blerts tamatiesous. _____
9. Op die pop se baadjie is 'n *isvteaklaumtose.* _____
10. Nou eers sien Werner die *srenettgelamet.* _____

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Waarom voel Werner regtig simpel toe Marike en Tom by hom aankom?

_____

_____

2. Is die grappie wat Marike maak werklik snaaks? Verduidelik jou antwoord.

_____

_____

3. Wat besluit die drie om die res van die aand te doen?

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

4. Hoekom borrel daar rook by die broodrooster uit?

_____

_____

5. Wie verdink hulle en hoekom? _____

_____

6. Wat laat hulle besef dit was alles Billy se toedoen?

_____

_____

C. Verbeter die volgende paragraaf deur die korrekte hoofletters en punte in te vul.

Werner kan sy ore nie glo nie. “is jy mal? hoekom sal ek so iets doen? en ons het tog heeltyd in die tv-kamer gesit.” Hy frons. “tom, dit kon net sowel jý gewees het – netnou toe jy kamstig badkamer toe gegaan het ”

D. Gebruik die koerant:
Marike vertel ‘n grappie oor hansworse. Soek nou na grappies/strokiesprente/spotprente in vandag se koerant en plak dit hieronder.

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 6
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Vervang elke keer die <u>onderstreepte</u> woord om die volgende sinne waar te maak:

1. <u>Gisteroggend</u> toe hulle by die huis kom, het my pa so half agterdogtig in die lug geruik, maar hy't niks gesê nie. _____

2. Hulle weet tog hoe bang hy vir <u>karre</u> is. _____

3. Ons gaan uitvind wat met daai pop van <u>Tom</u> se suster verkeerd is. _____

4. Dis amper <u>halfses</u> en Sunet is nog steeds in haar kamer. _____

5. Daar lê die <u>vullissak</u> wat Sunet onder haar arm gehad het. _____

6. Hy sluk benoud <u>nadat</u> hy dit uit die sak haal. _____

7. Hy beter sy <u>motorfiets</u> uit die garage kry. _____

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Waarom besluit Werner om nie sy ouers van die kombuis-insident te vertel toe hulle by die huis aankom nie?

_____

_____

2. Watter snaakse ding het die oggend by die huis gebeur?

_____

_____

3. Wat gee Marike vir Werner en hoekom?

_____

_____

4. Hoekom skrik Sunet toe sy vir Werner in die gang kry?

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

5. Wat kry Werner in die asblik?

_____

_____

6. Hoekom laat val Werner amper die houtkissie?

_____

_____

C. Verbeter die foute in die volgende paragraaf:
In die volgende uittreksel is daar **8 spelfoute**. Onderstreep die fout en skryf die regte spelwyse van die woord bo die woord, wat jy onderstreep het, neer.

Sunet stap reguit trug kamer toe en Werner hoor hoe sy die deur agter haar toe maak. Sy enigste kaans om die pop te kry, is nou daarmee heen. Maar hy is nogtans nuuskierug om te sien wat sy in die asblik gegoei het. Hy glip vinnig by die agterdeur yt. Toe hy naby die asblik kom, is dit asof ’n stemmekie in sy kop hom waarsku om vesigtig te wees.

D. Gebruik die koerant:
Knip woorde uit die koerant van nog items/dinge wat Werner ook in die asblik kon kry. Plak die woorde in die blok hieronder.

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 7
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Die volgende sinne is deurmekaar. Skryf die sin korrek oor deur te begin met die woord wat met 'n hoofletter geskryf is:

1. Die pop; bang genoeg gemaak het; het iets gedoen; om dit weg te gooi; wat jou suster.

_____

2. 'n; winkeltjie; Dis; klein.

_____

3. 'n klein yskassie; Die winkeleienaar; tot by; skuifel.

_____

4. een van die poppe; soos; Dit; voel; laat my te veel.

_____

5. versigtig; die kissie; uit; Die ou man; haal.

_____

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Waarom was Werner verlig toe hulle sien die winkel is gesluit?

_____

_____

2. Beskryf hoe die winkeleienaar lyk.

_____

_____

3. Wat is die winkeleienaar se naam?

_____

4. Sou jy graag alleen in die winkel wou rondloop? Verduidelik jou antwoord.

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

5. Hoekom, dink jy, rek die winkeleienaar se oë van vrees toe hy die houtkissie oopmaak?

_____

_____

C. Kyk na die onderstaande sinne wat in die storie voorkom. Verduidelik, elke keer in jou eie woorde, die betekenis daarvan:

1. Marike se oë rek. _____

2. Werner, Tom en Marike volg die ou man gedwee. _____

3. Werner voel hoe sy ruggraat kriewel…. _____

4. Die winkeleienaar skuifel tot by 'n klein yskassie agter teen die muur. _____

D. Gebruik die koerant:
Jy wil graag Billy die hansworspop verkoop. Ontwerp jou eie advertensie (deur die koerant te gebruik) waarin jy die pop adverteer. Knip die woorde/prente ens. uit die koerant en plak dit op jou advertensie hieronder. (Wenk: onthou, jy wil die pop verkoop so jy gaan net fokus op die pop se positiewe eienskappe.)

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 8
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder):_____ Graad:_____

A. Doen die volgende:
Pas die woord(e) (vanuit hoofstuk 8) van *kolom A* by die beste verduideliking/beskrywing in *kolom B*.

KOLOM A	KOLOM B	No.
1. prewel	a. outydse winkel	
2. antiek-winkel	b. iets dadelik besef	
3. knik teësinnig	c. ‘n deskundige/ekspert	
4. vakmanskap	d. mompel	
5. winskopie	e. met afkeer	
6. tref hom skielik soos ’n weerligstraal	f. ‘n goeie/voordelige aankoop	

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoe weet jy die winkeleienaar was beïndruk met die pop?

_____

_____

2. Wie was Collodi?

_____

_____

3. Watter donker geheim vertel die man oor die poppemaker Collodi?

_____

_____

4. Wat, volgens mnr. Husselman, is verkeerd met die pop?

_____

_____

5. Dink jy dis moontlik dat daar iets van Collodi in die pop agtergebly het? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

C. Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woord(e) in te vul:

"Moenie daaroor **1.** _____ wees nie," sê die winkeleienaar. "Ek sal julle nie geld vra nie. Dis 'n voorreg om 'n egte Collodi **2.** _____ hande te neem. Hy's nog in 'n baie goeie **3.** _____**,** maar ek sal hom sommer 'n bietjie olie gee en skoonmaak ook. Jou suster het 'n **4.** _____ vir 'n winskopie. Sy kan 'n hele paar rand **5.** _____ as sy eendag sou besluit om die pop te verkoop."

Werner sê liewer nie dat hy vanmiddag die pop uit die asblik gaan grawe het – en dit netnou byna self

6. _____ die naaste vullisblik gestop het nie.

Meneer Husselman kom met **7.** _____ regop. "Nou ja toe. Julle kan so teen môremiddag bel om te hoor of die pop gereed is. Dis lekker om te sien daar's nog jong mense soos julle wat in outydse **8.** _____ belang stel …"

D. Skryf vir die koerant:

Jy het sopas van hierdie vreesaanjaende storie van Robert Collodi gehoor. Jy is 'n verslaggewer vir *KleinB* en moet 'n storie hieroor skryf. Lees 'n paar berigte in die koerant om te sien hoe so 'n berig/storie geskryf word. Skryf nou jou eie berig oor die reeksmoorde van Collodi.

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 9
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Sê elke keer of die volgende stelling waar of onwaar is. Skryf die sin korrek oor indien dit onwaar is:

1. Die volgende middag na skool kry Werner, Marike en Sunet mekaar soos afgespreek by die fietsstaanplekke.

_____

2. Haar oë is so groot soos pierings toe sy die telefoon op die kombuistafel neersit.

_____

3. Marike se gesig is so bleek dat haar sproete helderder as gewoonlik op haar neus uitstaan.

_____

4. Die paar treë tussen sy kamer en die kombuis het nog nooit so naby gevoel nie.

_____

5. Marike vryf haar sproetneus parmantig.

_____

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom is Marike hierdie middag opgewonde?

_____

_____

2. Wat het gebeur met mnr. Husselman?

_____

_____

3. Watter nuus het Tom vir Werner en Marike?

_____

_____

4. Waarom sal dit nie help om die pop weg te gooi nie?

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

5. Watter plan, dink jy, het Tom?

_____

_____

C. Verbeter die foute in die volgende paragraaf:
In die volgende uittreksel is daar **10 spelfoute**. Onderstreep die fout en skryf die regte spelwyse van die woord bo die woord, wat jy onderstreep het, neer.

Werner swaai om toe Marike 'n vyn geluikie maak, soos 'n dier wat tjank. "Ek is bevrees ek het nóg verskriklike nuus. Meneer Husselman het by sy vinkel se trappe afgeval."

"Is hy ... dóód?!" fluister Werner, lam van die dubele skok.

Marike skut haar kop. Haar gesig is so bleek dat haar sproete heldeder as gewoonlik op haar neus uitstaan. "Nee. Maar hy het baie seergekry. Die vrou wat die telephoon geantwoord het, is sy dogter. Sy sê hys in die intensiwe eenheid. Hy was bewusloos toe hulle hom gekry het."

D. Doen die volgende:
Jy is 'n kunstenaar. Teken Billy die hansworspop (soos hy in hierdie hoofstuk beskryf word). Vergelyk hierdie tekening met die tekening wat jy in hoofstuk 2 gedoen het.

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 10
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Ontsyfer die volgende:

In elke sin (geneem vanuit hoofstuk 10) is die *skuinsgedrukte* woord deurmekaar geskryf. Skommel die letters om die regte woord te kry. Skryf die ontsyferde woord neer.

1. "Hy en my ma is vanaand die *sneysripes* by 'n partytjie," sê Tom. _____
2. Die *tasegtlarit* gooi geel poele lig op die teerstraat voor die huis. _____
3. Niks ruik so lekker soos 'n *krbyeka* nie. _____
4. Hy gryp *eperatdas* daarna en pluk so hard as hy kan. _____
5. Hy hyg na sy *meas*. _____
6. Die *afhrokaselako* is voor in die winkel. _____
7. Daar is 'n aaklige *dalguileg.* _____
8. Ons is *lestigueto* hier binne. _____

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Waar is Tom se ouers vir die aand?

_____

_____

2. Wat beteken die uitdrukking: *Nou gaan die poppe dans*?

_____

_____

3. Wat gebeur met Werner toe hulle by die bakkery instap?

_____

_____

4. Wat dra by tot die drie se angs en vrees in die bakkery?

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

5. Vertel wat, jy dink, gaan gebeur met die drie wat in die bakkery toegesluit is?

_____

_____

C. Verbeter die volgende paragraaf:
In die volgende paragraaf het die sinne deurmekaar geraak. Skryf die nommers van die sinne in die korrekte volgorde neer sodat die sinne korrek op mekaar volg.

1. Die pop skree woedend toe hy deur die lug geslinger word. 2. Die reuk is in sy neus, so skerp dat dit voel of hy versmoor – of dalk is dit die sterk pophandjies om sy keel wat veroorsaak dat hy nie asem kry nie. 3. Werner kry net die twee woorde uit voor iets hom aan die keel beetkry. 4. Hy hoor Marike gil, maar die geluid klink ver en dof bo die histeriese gelag van die harlekynpop. 5. Langs sy nek kan hy een van die bont broekspype van die narrepak sien. 6. Hy kom met ’n plofgeluid iewers in die donker te lande. 7. Hy gryp desperaat daarna en pluk so hard as hy kan.

Die volgorde moet wees: _____

D. Gebruik die koerant:
Knip jou eie hansworspop uit die koerant en plak dit hieronder.

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 11

Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Vervang elke keer die onderstreepte woord om die volgende sinne waar te maak:

1. “Hy speel met ons,” skree Werner. _____

2. Marike beduie met ’n bewende hand na iets. _____

3. Sy tande sit soos vrot, bruin rosyntjies onder sy weggetrekte lippe. _____

4. Die pop giggel en verdwyn verbasend vinnig tussen die tafels. _____

5. Hulle skuif een van die swaar oonde tot teen die muur. _____

6. Hy stap nader aan Marike en Tom, die mes bo sy kop … _____

7. Sy asem is weggeslaan en sy handpalms is sopnat gesweet. _____

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat is hulle plan om van die pop ontslae te raak?

_____

_____

2. Beskryf hoekom die pop nou “anders” lyk?

_____

_____

3. Hoekom stel Maryke voor dat sy op die tafel klim?

_____

_____

4. Wat gebeur toe die pop sy kop na Werner draai?

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

C. Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woord(e) in te vul:

Dit gebeur so **1.** _____ dat Werner nie mooi weet wat gebeur het nie. Die nar **2.** _____ van die kas af en land op Marike se rug. Sy **3.** _____ en probeer hom van haar rug af klap. Voor Werner enigiets kan doen, trap Marike die **4.** _____ van die tafel mis. Tom probeer haar **5.** _____ , maar hulle beland al twee op die vloer. Marike bly doodstil lê, Tom halfpad onder haar. Deur die strepie **6.** _____ wat deur die venster val, kan Werner die nar **7.** _____**.** Hy kruip nader aan Marike en Tom, die **8.**_____ bo sy kop …

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 12
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Doen die volgende woordsoek:
Soek die volgende woorde. Die woorde kan op en af *OF* skuins en dwars lê. Trek 'n streep deur die woord wanneer jy dit gekry het:

duiselig	maanlig	oond	tossel	skoene
dwing	hande	flits	ruk	doof
gryp	woedende	reuk	smelt	pop
kekkellag	kap	skril	ore	mes
knop				

l	**s**	**g**	**o**	**o**	**n**	**d**	**i**	**f**	**k**
h	**e**	**k**	**u**	**r**	**e**	**w**	**f**	**o**	**u**
a	**m**	**a**	**a**	**n**	**l**	**i**	**g**	**o**	**e**
n	**d**	**s**	**k**	**o**	**e**	**n**	**e**	**d**	**r**
d	**u**	**l**	**s**	**l**	**i**	**g**	**r**	**y**	**p**
e	**o**	**p**	**i**	**t**	**o**	**s**	**s**	**e**	**l**
l	**o**	**r**	**e**	**u**	**s**	**m**	**e**	**l**	**t**
p	**k**	**n**	**o**	**p**	**f**	**l**	**i**	**t**	**s**
s	**a**	**e**	**d**	**n**	**e**	**d**	**e**	**o**	**w**
k	**e**	**k**	**k**	**e**	**l**	**l**	**a**	**g**	**p**

Omkring al die letters wat oorgebly het en skommel dit om 'n nuwe woord te vorm. *Leidraad: Dit is iets wat mens kan hoor.*

Skryf die antwoord hier neer: _____

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat weet die nar?

_____

_____

2. Verduidelik die volgende sin in jou eie woorde: "*'n Breukdeel van 'n sekonde laat die pop sy greep verslap.*"

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

3. Wat beteken dit om "*'n sug van verligting te slaak*"?

_____

_____

4. Waarom is Werner verlig om Marike se stem weer te hoor?

_____

_____

C. Verbeter die volgende sinne

Die sinne se woordorde het deurmekaar geraak. Skryf die sinne korrek oor (Wenk: Begin elke keer met die hoofletter):

1. glim; in die maanlig; Die mes.

_____

2. sy tande; in; Hy skree; sy hand; toe; die pop; wegsink.

_____

3. kry; skielik; weer lewe, Die pop.

_____

4. sy greep; laat; die pop; 'n Breukdeel van 'n sekonde; verslap.

_____

5. se kop; langs; begin smelt; Die oranje hare; die pop.

_____

6. Werner; sy ore; weg; draai; om die skreegeluide; en; druk; uit te doof; toe; sy kop.

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

Hoofstuk 13
Aktiwiteitsblad

Naam en van (leerder): _____ Graad:_____

A. Doen die volgende:

Jy is ‘n kunstenaar. Teken hoe die bakkery gelyk het nadat Werner-hulle die hansworspop vernietig het. (Lees weer die hoofstuk vir leidrade).

B. Beantwoord die volgende vrae:

1. Waarom, dink jy, hou hulle al drie ’n oomblik lank hulle asem op, toe hulle die oonddeur oopmaak?

_____

_____

2. Wat het die drie by die hospitaal gaan doen?

_____

_____

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009

3. **Waar of onwaar**: Werner kry sedert daardie nag in die bakkery steeds die aaklige hanswors-nagmerries.

_____

4. Hoekom wou Melvin hê Werner moes vinnig agter hom kyk?

_____

_____

5. Was Melvin verbaas oor Werner se reaksie en hoekom verdwyn Melvin dan so vinnig?

_____

_____

C. Gee elke keer die teenoorgestelde (antoniem) van die woorde tussen hakies:

Marike hang halfpad oor ’n heining, besig om ’n ponie te streel. Rondom hulle **1.(huil)** en **2.(fluister)** mense op die verskillende ritte. Die lug ruik na springmielies en braaivleis.

“Kyk daai **3.(rustige)** ride!” sê Tom bewonderend en wys na ’n hoë wiel wat **4.(stadig)** in die rondte spin. Werner kreun skielik. “Ag nee, kyk wie kom **6.(daar)** aan.”

1._____ 4. _____

2._____ 5. _____

3. _____

D. Gebruik die koerant

Marike het voorgestel dat hulle almal na die pretpark gaan. Soek nou na enige advertensie(s) in die koerant wat met pret (vermaak) te doen het. Plak die advertensies hieronder.

©*KleinB/Die Burger* in die Klaskamer 2009